Die invloed van vakbonde*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

2 Graad 9

3 DIE EKONOMIESE SIKLUS

4 Module 6

5 DIE INVLOED VAN VAKBONDE

DIE INVLOED VAN VAKBONDE

Die *Wet op Arbeidsverhoudinge van 1997* maak voorsiening vir die reg (1) tot billike arbeidspraktyke, (2) om ‘n vakbonde te stig en daarvan lid te word, (3) om te organiseer vir gesamentlike bedinging, en (4) om te staak en uitgesluit te word.

Vakbonde is die mondstuk van die werkers wat hulle verteenwoordig, aangesien hulle die werkers in ‘n bepaalde sektor verenig ten einde ‘n goeie verhouding tussen die werknemers en die werkgewers te bewerkstellig. Voorts moet sodanige vakbond daarna streef om die sosiale, ekonomiese en politieke belange van die werknemer te bevorder. Dit is belangrik om daarop te let dat ‘n werknemer vry is om by ‘n vakunie aan te sluit en hy mag nie deur die werkgewer verhoed of afgedank word wanneer hy wel by ‘n vakbond aansluit nie.

Volgens die *Wet op Arbeidsverhoudinge* het vakunies die volgende regte:

- TOEGANG TOT DIE WERKPLEK: Die vakunie het die reg om lede binne die werkplek te werf en om vergaderings tydens aftye te hou.
- LEDEGELD: Bydraes vir ledegeld mag van werknemers se lone/salarisse afgetrek word.
- VERKIESINGS: Vakbondverteenwoordigers mag binne die werkplek verkies word.
- DIENS VIR VAKUNIE: Vakunielede is geregtig om betaalde verlof te neem ten einde as vakunieverteenwoordigers hul verpligtinge na te kom en ook om opleiding te ondergaan.
- BEKENDMAKING VAN INLIGTING: Die vakunie is geregtig op enige inligting wat betrekking het op aangeleenthede wat die werknemers binne die werkplek raak.

Volgens die *Wet op Arbeidsverhoudinge (1997)* het werknemers die reg om te STAAK (d.w.s. die weiering om te werk, om teen ‘n stadiger pas te werk, en ‘n verbod op oortydwerk) en het werkgewers die reg om werknemers UIT TE SLUIT (d.w.s. die fisiese verhindering van die werknemer om die werkplek te betree). Die twee aksies kan onder andere die gevolg wees van (1) ‘n aandrang op ‘n loon- of salarisverhoging, (2) die aandrang om ‘n vakunie te erken, of (3) ‘n aandrang om omstandighede binne die werkplek te verander.

*Version 1.1: Jun 14, 2009 11:21 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

In die algemeen kan verwag word dat die aktiwiteite van vakunies sodanig moet wees dat nie net die werknemers se sosiale, ekonomiese en politieke belange gedien word nie, maar ook die van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die geheel.

Beoordeel die volgende uittreksel uit 'n koerantberig wat gedurende Oktober 2002 in *DieBurger* verskyn het en evalueer dan die impak wat stakings, met ander woorde vakunie-optrede, gedurende 2001 gehad het:

BRON

Volgens die *Wet op Arbeidsverhoudinge (1997)* het werknemers die reg om te STAAK (d.w.s. die weiering om te werk, om teen 'n stadiger pas te werk, en 'n verbod op oortydwerk) en het werkgewers die reg om werknemers UIT TE SLUIT (d.w.s. die fisiese verhindering van die werknemer om die werkplek te betree). Die twee aksies kan onder andere die gevolg wees van (1) 'n aandrang op 'n loon- of salarisverhoging, (2) die aandrang om 'n vakunie te erken, of (3) 'n aandrang om omstandighede binne die werkplek te verander.

In die algemeen kan verwag word dat die aktiwiteite van vakunies sodanig moet wees dat nie net die werknemers se sosiale, ekonomiese en politieke belange gedien word nie, maar ook die van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die geheel.

Beoordeel die volgende uittreksel uit 'n koerantberig wat gedurende Oktober 2002 in *Die Burger* verskyn het en evalueer dan die impak wat stakings, met ander woorde vakunie-optrede, gedurende 2001 gehad het:

"Stakings het verlede jaar meer as verdubbel en die land het 1,25 miljoen werkdae weens stakings verloor, maar dit was 'n eenmalige gebeurtenis en in die volgende twee jaar sal stakingsyfers weer aansienlik afplat, beweer Andrew Levy & Medewerkers in hul jongste jaarverslag oor arbeidsverhoudinge. Daar het verlede jaar 1,25 miljoen werkdae weens stakings verlore gegaan teenoor 500 000 die vorige jaar.

Arbeidsbesnoeiing kan van vanjaar tot stakings aanleiding gee na wysigings aan die Wet op Arbeidsverhoudinge wat sulke stakings toelaat. 'Dit kan tot 'n botsing in die openbare sektor lei oor privatisering, maar sal waarskynlik 'n kortstondige staking wees waarna die regering met sy privatiseringsprogram sal voortgaan' beweer Levy.

BRON

Arbeidsbesnoeiing sal werkgeleenthede in die private sektor vanjaar ook in groter gevaar stel as verlede jaar weens die afplatting in die wêreldekonomie, beweer Levy.

Die gemiddelde verhoging waarop in sentrale bedingingsforums geskik is, was 7,8% en die gemiddelde koers vir loonverhogings in ander skikkings was 7,4% teenoor die gemiddelde inflasiekoers (VPI) van 5,7% verlede jaar. Die hoogste skikking was 9% in die motorvervaardigingsbedryf, waar 'n uitgerekte staking in Augustus verlede jaar vyftien werkdae lank geduur het. Dit het tot 'n verlies van 315 000 werkdae gelei.

Mnr. Andrew Levy, skrywer van die jaarverslag, verwag dat gemiddelde loonskikkings vanjaar tussen 8,2% en 8,5% sal beloop. Daar is geen vrees dat loonverhogings vanjaar tot inflasiedruk sal lei nie, maar dit kan in die volgende twee jaar 'n bron van kommer wees omdat reële lone baie min styg terwyl ingevoerde inflasiedruk toeneem.

Levy voorspel dat die getal MIV-positiewe mense in die volgende twee jaar van die huidige sowat 4 miljoen tot 6 miljoen gaan styg. 'Organisasies kan verwag om meer as 4% van hulle werkmag in die volgende tien jaar te verloor'.

Vakbondlidmaatskap het weer begin styg na 'n effense daling in 2000 en staan nou op 3,5 miljoen. COSATU, die land se grootste vakbondfederasie, het 1,883 miljoen lede. Die getal het gegroei van verlede jaar ondanks kwaai arbeidsbesnoeiings. FEDUSA, die naasgrootste vakbondfederasie, verteenwoordig 503 241 lede en NACTU, die derde federasie, verteenwoordig 398 106 werknemers".

(Bron: *Die Burger*, Oktober 2002)

6 Aktiwiteit 1:

7 Stakings

8 [LU 1.4]

GROEP:

Beoordeel die invloed van die stakings aan die hand van die volgende tabel:

Invloed van:	Sosiale omstandighede	Ekonomiese omstandighede
1. Werkdae verlore		
1. Arbeidsbesnoeiings		
1. Loonverhogings		
1. MIV/VIGS		

Table 1

Die politieke rol wat vakunies in Suid-Afrika speel blyk duidelik uit die aktiwiteite van die CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS (COSATU) wat alreeds in 1985 gestig is. COSATU is 'n federasie van 'n groep van Suid-Afrikaanse vakunies. COSATU het in 1985 by die UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) in die MASS DEMOCRATIC MOVEMENT aangesluit en tesame met die beweging aktief teenstand gebied in die stryd teen apartheid. Omstandighede in die werkplek is verpolitiseer deur middel van stakings, wegbly-aksies en die sogenaamde "go-slows", wat pogings tot effektiewe produksie erg aan bande gelê het.

Hul aktiewe deelname in die stryd om politieke en ekonomiese veranderinge in die RSA aan te bring, het daartoe gelei dat COSATU tydens die verkiesing van 1994 saam met die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) 'n vennoot in die verkiesingsveldtog was en uiteindelik die verkiesing oorweldigend gewen het. Vandag is COSATU steeds deel van die 3-party-vennootskap wat die nasionale regering in Suid-Afrika uitmaak. As gelyke vennoot in die alliansie is dit dus moontlik dat COSATU, wat 'n breë massa van die werkersgemeenskap in Suid-Afrika verteenwoordig, 'n belangrike bydrae kan lewer en 'n beduidende invloed kan uitoefen om ekonomiese en politieke beleid te beïnvloed.

9 Aktiwiteit 2:

10 Vakunies

11 [LU 1.4]

SELF:

Verduidelik die volgende afkortings en toon aan watter beroepe word deur die vakbondfederasies verteenwoordig:

1. FEDUSA:

1. NACTU:

1. NUM:

1. NUMSA:

12 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
die ekonomiese siklusDie leerder is in staat wees om kennis en begrip van die ekonomiese siklus binne die konteks van 'die ekonomiese' probleem te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
• verskillende wyses van geld die vloei van produksiefaktore en goedere en dienste in die ekonomiese siklus binne die Suid-Afrikaanse ekonomie kan verduidelik; • die rol van die buitelandse sektor in die ekonomiese siklus kan bespreek; • met behulp van 'n grafiek kan illustreer hoe vraag en aanbod pryse beïnvloed, en hierdie verband kan bespreek; • die invloed en aksies (stakings en wegblyaksies) van vakbonde oor die algemeen en in die apartheidsera op die volgende terreine krities kan evalueer: • die Suid-Afrikaanse ekonomie; • politieke, ekonomiese en sosiale transformasie; • arbeidsaangeleenthede; • die uitwerking van die nasionale begroting op die ekonomie (bv. belasting en besteding op onderwys, sosiale welsyn, gesondheid en veiligheid) kan bespreek.

Table 2

13 Memorandum

AKTIWITEIT 1: Stakings

GROEP:

Invloed van stakings

	Sosiale omstandighede	Ekonomiese omstandighede
Werkdae verlore	verlies aan inkomste - swakker daaraan toe	produksie neem af – verliese
Arbeidsbesnoeiings	verlies aan werk - swakker daaraan toe	produksie neem af – verliese
Loonverhogings	verbetering in besteebare inkomste	insetkoste vermeerder – inflasie
MIV/VIGS	groter druk op gesondheidsdienste	werkmag verminder - verliese

Table 3

AKTIWITEIT 2: Vakunies

SELF:

Identifiseer vakunies

1. FEDUSA: Federated Unions of South Africa - Algemeen

2. NACTU: National Congress of Trade Unions - Algemeen
3. NUM: National Union of Mineworkers - Mynwerkers
4. NUMSA: National Union of Metalworkers of SA - Werkers in motorindustrie